# WorksheetCloud.com - Vraestel

**Vak:** Graad 8 AFRIKAANS EAT

**Onderwerp:** Afrikaans EAT: Eksamen Kwartaal 4

**Punte:** 101

---

**Vraag 1: Waar/Onwaar [2]**

Koppeltekens word gebruik in samestellings waar rigting voorkom.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

---

**Vraag 2: Waar/Onwaar [2]**

'n Ander naam vir 'n "stelsin", is 'n "stelling".

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

---

*Vrae 3 tot 6 verwys na die volgende teks*

*Teks 1: New Document*

**Die Laaste Renoster** - Jaco Jacobs

Die laatmiddag ruik
na kettingsaag en kruit
'n Meerkatverspieder
loer versigtig uit sy gat:
Hulle is weg.
Sonbesies hou 'n minuut van stilte
vir die ontwapende kolos.
Stof en sonlig sif stadig
op die nuttelose pantser neer.
Soos Rooikruisvliegtuie sirkel aasvoëls
bo die veldslagtoneel.
En deur die ryp grashalms
Sidder Afrika se moedelose sug.

**Woordelys:**

*kettingsaag - chainsaw*
*kruit - gunpowder*
*Meerkatverspieder - Meerkat spy*
*Sonbesies - cicadas (bugs)*
*ontwapende - unarmed*
*kolos - massive being*
*pantser - armour*
*Rooikruisvliegtuie - Red Cross aeroplanes*
*veldslagtoneel - scene of combat*
*sug - sigh*

---

**Vraag 3: Waar/Onwaar [2]**

Die Engelse vertaling van "kolos" is "massive being".

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|



Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**Vraag 4: Veelvuldige Keuse [4]**
Wat noem ons die klankbeeld in reël 8 van die gedig? :

"Stof en sonlig sif stadig"

| | |
|---|---|
| **A** | Assonansie |
| **B** | Alliterasie |
| **C** | Metafoor |
| **D** | Personifikasie |

**Vraag 5: Skryf Jou Antwoord [3]**
Die stropers het die renoster se ... afgesaag.

(Antwoord met EEN woord.)

**Vraag 6: Voltooi Die Ontbrekende [4]**
Lees die gedig en voltooi die sin:

Die (1) sirkel in die lug omdat die (2) dood is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |

- aasvoëls
- meerkat
- renoster
- sonbesies

*Vrae 7 tot 10 verwys na die volgende teks*

*Teks 2: New Document*

**Rilrestaurant** - Jaco Jacobs

almal is welkom, bring die hele gesin
staan nader, staan nader, kom gerus in
die tafel is gedek, als is gereed
maak u reg om heerlik te eet
die diens is dalk dooierig, maar dis met 'n rede
u kelner is al 'n jaar t'rug oorlede
wil u solank 'n drankie bestel?
of moet ek u eers van ons disse vertel?
ons hoofgereg is presies wat dit sê:
'n kop op 'n skinkbord, nes u dit wil hê
medium, goed gaar of liggies gestoom
halfrou is dit 'n fynproewersdroom
maar dit is natuurlik oorhaastig van my
want u gaan tog seker eers goorgereg kry?
paddavisstertjies in varkvet gebraai
en ons maand oue vliegsop is nie te vermaai
dan, om u ete mee af te sluit,
moet u op 'n heerlike naargereg besluit
oogappeltjies met suurlemoensap
of lekker soet bloed uit muise getap
wat nou? u voel naar? u wil liewer uit?
meneer, luister mooi, dis 'n slegte besluit ...
om te probeer wegkom, is regtig nie wys
ons kok hou u dop daar uit die kombuis
dis nie dat ek u en u gesin wil ontstel nie


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

maar dit sal verkeerd wees om u nie te vertel nie:
ons kok is 'n monster, en die laaste gesin
wat hul kos nie wou eet nie, is tjok en blok in ...
die pappa, die mamma, die ouma, die kind
die hele ou klompie met een hap verslind
so, sit tog nou liewer, daar is mos geen haas
is u gereed om u bestelling te plaas?

**Woordelys:**
*diens - service*
*dooierig - slow (service)*
*kelner - waiter*
*disse - dishes*
*hoofgereg - main course*
*gestoom - steamed*
*fynproewersdroom - connoisseur's dream*
*paddavisstertjies - tadpole tails*
*verslind - ate quickly*
*bestelling - order*

---

**Vraag 7: Waar/Onwaar [2]**

"almal is welkom, die hele gesin
staan nader, staan nader, kom gerus in"

Hierdie twee versreëls **rym.**

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

---

**Vraag 8: Veelvuldige Keuse [4]**

Die frase "ons kok hou u dop" in versreël 24, beteken NIE ... NIE .

- **A** die kok kyk vir jou
- **B** die kok is kwaad vir jou
- **C** die kok loer vir jou
- **D** die kok staar na jou

---

**Vraag 9: Skryf Jou Antwoord [3]**

Haal twee OPEENVOLGENDE (consecutive) woorde aan wat vir ons sê dat die sop nie meer vars is nie.

---

**Vraag 10: Voltooi Die Ontbrekende [4]**

Die twee nageregte (naargeregte) wat in die gedig genoem word is (1) en (2) .

(Antwoord in die volgorde wat in die gedig gebruik word.)

| 1 | | 2 | |
|---|---|---|---|

- paddavisstertjies in varkvet gebraai
- soet bloed
- oogappeltjies
- vliegsop


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**Vraag 11: Waar/Onwaar [2]**
Is die volgende stelling waar of vals van sinne in die verlede tyd? :

Enige woord wat begin met die volgende skakels kry nie 'n "ge-" nie:

be-, ge-, her-, er-, ont-, ver- en mis-

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|

*Vraag 12 verwys na die volgende skets*



*Skets 1: lightning-over-water_270_600x450[1]*

**Vraag 12: Waar/Onwaar [2]**
Die volgende sin is in die direkte rede:

Jenny sê dat Molly baie bang was vir die donderweer.

| WAAR | ONWAAR |
|---|---|


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**Vraag 13: Veelvuldige Keuse [4]**
Watter leesteken word tussen twee werkwoorde wat afsonderlike gesegdes vorm, gebruik?

| | |
|---|---|
| **A** | komma |
| **B** | punt |
| **C** | uitroepteken |
| **D** | dubbelpunt |

**Vraag 14: Veelvuldige Keuse [4]**
Kies die korrekte lettergreepindeling van die volgende woord:

onmiddellik.

| | |
|---|---|
| **A** | on-mi-de-lik |
| **B** | on-mid-del-lik |
| **C** | onmi-del-lik |
| **D** | on-middel-lik |

**Vraag 15: Veelvuldige Keuse [4]**
Kies die korrekte ontkennende vorm van die volgende sin:

Is dit heeltemal waar?

| | |
|---|---|
| **A** | Is dit nie waar nie? |
| **B** | Is dit nie heeltemal waar nie? |
| **C** | Is dit glad nie waar nie? |
| **D** | Is dit nie die waarheid nie? |

**Vraag 16: Veelvuldige Keuse [4]**
Watter soorte sinne is die volgende? :

Gaan onmiddellik kantoor toe!

Jy is 'n idioot!

| | |
|---|---|
| **A** | Vraagsin en Bevelsin |
| **B** | Bevelsin en Uitroepsin |
| **C** | Uitroepsin en Bevelsin |
| **D** | Stelsin en Bevelsin |


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**Vraag 17: Veelvuldige Keuse [4]**
Kies die korrekte vorm van die volgende sin in die **teenwoordige tyd**:

Ek het nuwe Nike tekkies gekoop.

| | |
|---|---|
| **A** | Ek gaan nuwe Nike tekkies koop. |
| **B** | Ek het nuwe Nike tekkies. |
| **C** | Ek wil nuwe Nike tekkies hê. |
| **D** | Ek koop nuwe Nike tekkies. |

*Vraag 18 verwys na die volgende skets*



https://hkspolicycast.org/the-public-protector-adea7cdf945c

*Skets 2: SA beaded flag in constitutional court*

**Vraag 18: Skryf Jou Antwoord [3]**
Waarvoor staan die afkorting "R.S.A." ?

**Vraag 19: Skryf Jou Antwoord [3]**
Watter leesteken ontbreek in die volgende sin?

Hoekom is jy so kwaad

**Vraag 20: Skryf Jou Antwoord [3]**
Beantwoord die volgende vraag in die ontkennende vorm:

Wil pa en ma gaan?

Begin so: Nee, ... .


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**Vraag 21: Skryf Jou Antwoord [3]**
Skryf die volgende sin oor in die ontkennende vorm:

Die onderwyser gee altyd baie huiswerk.

**Vraag 22: Skryf Jou Antwoord [3]**
Skryf die woorde in die korrekte volgorde om 'n vraagsin te vorm:

jy? + oud + Hoe + is

(Los die plustekens (+) uit in jou antwoord.)

**Vraag 23: Skryf Jou Antwoord [3]**
Voltooi die sin met die korrekte woord:

In die toekomende tyd verander "is" na ... .

**Vraag 24: Skryf Jou Antwoord [3]**
Voltooi die sin met die korrekte woord:

Direkte rede is 'n persoon se ... woorde.

*Vraag 25 verwys na die volgende skets*


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.




*Skets 3: Birthday party*

**Vraag 25: Skryf Jou Antwoord [3]**

Skryf die volgende sin oor van direkte rede na indirekte rede:

Joshua sê: "Ek het my vriende na my partytjie genooi."

Joshua sê dat hy ... .

**Vraag 26: Skryf Jou Antwoord [3]**

Skryf die volgende sin oor van direkte rede na indirekte rede:

"Ek sien uit na Dillon se sokkerpartytjie," sê Loyiso.

Loyiso sê dat ... .

**Vraag 27: Voltooi Die Ontbrekende [4]**

Mense se (1) woorde en aanhalings uit gedigte, boeke, ens. word tussen (2) geskryf.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |

- indirekte
- direkte
- aanhalings
- voorlesings
- kommas
- aanhalingstekens

**Vraag 28: Voltooi Die Ontbrekende [8]**

Skryf die volgende sin oor in die ontkennende vorm:

Die man skryf altyd briewe en stuur dit êrens heen.

Die man skryf (1) briewe (2) en stuur dit (3) heen (4) .

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | |
| **3** | | **4** | |

- nooit
- geen
- nie
- nêrens
- niks
- óf
- nóg


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.

**Vraag 29: Voltooi Die Ontbrekende [4]**
Die volgende is 'n (1) : Is jy lief vir my?

Die volgende is 'n (2) : Eina, die vuur brand!

| 1 | | 2 | |
|---|---|---|---|

- vraagsin
- stelsin
- bevelsin
- uitroepsin

**Vraag 30: Voltooi Die Ontbrekende [4]**
In watter tyd is elk van die volgende sinne? :

Lucy en Boris hardloop rond in die parkie. - (1) .

Lucy en Boris het gister hulle kos opgeëet. - (2) .

| 1 | | 2 | |
|---|---|---|---|

- Teenwoordige tyd
- Verlede tyd
- Toekomende tyd

30 Vrae, 9 Bladsye


Kopiereg EvaluNet (Pty) Ltd. Alle regte voorbehou.